# Hey! Brokkies Nuus September 2012

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## Wonder jy wat het alles in September gebeur in Hey! se bediening ?



Lawrencia laer: ouers in 'n vrolike luim by die talent konsert

**1.Storie van die maand: Lawrencia laer in De Novo:** Woensdag 26 September was **Talente-dag** waarheen die ouers ook uitgenooi is! Weke lank is voorberei hiervoor. Die saal was stampvol en die opgewondenheid aansteeklik!! Ons het koek, koeldrank en tee gereel vir sowat 600 mense wat moontlik gemaak is deur ons donateurs..BAIE dankie! Elke graad het 'n item gelewer wat gewissel het van sang, "gumboot" dansers en voordrag. Een van die vele hoogtepunte was die lofdans deur groep meisies wat op "Holy Spirit rain down on me" gedans het. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees was tasbaar. Vanessa, wie weekliks Bybelklasse aanbied vir die gr1 tot 9's se woorde is so waar: "Die Here is MAGTIG besig om Lawrencia te VERANDER, Ek is so trots op AL my kinders." Ouers, kinders en personeel het die dag baie geniet en ons het weereens saam met Nehemia 8:10 kon beaam dat "the joy of the Lord is your strength"



Marjorie wie les gee vir gr1 sny koek—kyk net die opgewonde gesiggies !



Lawrencia le talentvolle lofprysing en aanbidding dansers

**2.Terugvoer oor verlede maand se versoeke waarvoor ons gebed gevra het:**

**1.Gordonsbaai Primêr** se **gebedsweek** se datums is bevestig vir 22 tot 26 Oktober en die voorbereiding is aan die rol! Ons sien met verwagting uit hierna.
**2. Blaauwklippen:** Ek en Henriette het Suzette Stevens gaan sien en ons is opgewonde om in die 4 de kwartaal met Groeigoggas te begin om eers die Evangelie op baie eenvoudige manier oor te dra en basis te lê voor ander programme ingestel word.
**3.**Ek en Magdel het mense betrokke by **Courtrai laer** in **Paarl, Klein Boishaai, Paarl Gim (laerskool)** gehelp met kurrikulums asook advies rondom implementering daarvan vir hul spesifieke behoeftes. Dis verblydend om te sien die Here is besig om deure oop te maak, veral vir 2013!
**4. Shofar Cloetesville** Petrus en Belinda Beukes het die span wie Hoop vir Kinders opleiding gedoen het in 4 groepe verdeel en dadelik begin om die program te implementeer. Ons vat graag hande hier en help met hulpmiddele.
**5.Sout van die Aarde leierskap** program is in die proses om in **Engels** vertaal te word vir 2013. Nou net aanbieders vind !




Met jou "geloofs" bril op kyk jy verby die reuse na God!

**WAAR VIND WEEKLIKSE AANBIEDINGS IN KAAP NOU PLAAS?**
**Ons eer God vir die voorreg om hier betrokke te wees:**
**1.Bonnytoun**
**2.Lochnerhof laer**
**3.Beaumont laerskool**
**4.De Hoop laerskool**
**5.Somerset-Wes primêr**
**6.Lawrencia primêr**
**7.Pêrelprojek Rustenhofplaas**
**8.Firgrove primêr**



Somerset-Wes primêr altyd vol vreugde ☺



Pêrelprojek: uitbundige seuns

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**

**"watch this space" vir Belinda se GAUTENG Brokkies in die toekoms- daar is NUWE nuus**